# Comment/ Kommentaar

deur
George Davie




Die Federale Raad van die Mediese Vereniging van Suid Afrika het in Pretoria onlangs weer vergader vir die jaarlikse drie dae. Naas die S.A. Mediese en Tandheelkundige Raad is hierdie die mees gesaghebbende liggaam sover die privaatpraktyk van die huisarts aangaan.

Ek wonder hoeveel besef watter verreikende besluite in verband met daaglikse praktykvoering hier geneem word? Hierdie besluite word dikwels aan die Mediese Raad oorgedra en kan later afdwingbare norme vir mediese praktyk word.

Waar kom Federale Raadslede vandaan? Hulle word deur die verskillende Takrade verkies en verteenwoordig gebiede van die land eerder as spesifieke groepe van medici. So sou ons verwag dat daar 'n groot aantal huisartse sou wees. Maar daar is nie! Hoekom nie? Daar is verskeie redes maar indien die lys van Federale Raadslede betrag word is dit opvallend hoeveel spesialiste en dokters met voltydse aanstellings daar is. Huisartse in privaat praktyk se belange moet derhalwe tot 'n groot mate deur hierdie kolegas beskerm word. Maar hierdie kolegas kan tog nie verwag word om dieselfde voeling vir 'n probleem te hê as 'n huisarts self nie.

Daar is 'n manier waarop hierdie probleem opgelos kan word. Dit is om by die Nasionale Algemene Praktisyns Groep van M.V.S.A. aan te sluit. Al is daar nie 'n aktiewe subgroep in die omgewing nie kan u nogtans baat deur aan te sluit daar die uitvoerende komitee verteenwoordiging vanoor die hele land koöpteer. Skryf aan Die Sekretaris, N.A.P.G. Posbus 27399, Sunnyside, 0132.